Volume 2
Augustus 2009

KAMPNUUS is Rust de Winter kampeienaars se eie inligtingsblad. Die nuusblad sal nie op spesifieke tye uigaan nie, maar wel sodra die bladsy/e "vol" is.
Enige positiewe opbouende insette (minder as 100 woorde) sal waardeer word. Ongelukkig kan geen foto's gepubliseer word nie.

RUST DE WINTER
KAMPNUUS
CAMP NEWS
KOMMUNIKASIE SLEGS VIR KAMPEIENAARS
COMMUNICATION TO CAMP SITE OWNERS ONLY

PETER CLAASEN 082 558 6184
RINA STANDER 082 990 4364

BOOMPLANTDAG 5 September 2009

Die naweek 5-6 September 2009 is boomplantdag en Rust de Winter kampvergadering asook die begin van die somer. Daar sal Saterdag 5 September vanaf 12:00 'n groot TV reg wees vir die manne wat op hoogte wil bly met die rugby en om 15:00 sal ons die RdW kampvergadering hou. Bring net asseblief julle eie stoele.
Kom plant 'n boom of twee in die kamp en doen jou deel vir die osoon en verder maak ons kamp mooi. Hier is 'n paar voorstelle vir bome wat inheems, ryp bestand, immergroen en gehard is: no.188, Umbrella thorn (haak-en-steek), no. 148, Flat Crown (plat-kruin, Albizia Adiantifolila), no. 386, Karee, no. 202 Weeping boer bean (Huilboerboon boom), no. 124 Apies doring wat ook die boom van die jaar is. Moenie 'n klein boompie koop nie, koop eerder 'n groot boom (minimum 20kg sak) en jy kan dalk nog eendag in die boom se koelte sit. In Pretoria Noord is daar 2 groothandel kwekerye wat in inheemse bome spesialiseer en die pryse is billik. Tiptop kwekery 012 542 2103 en Flora R.S.A. Nursery, 012 504 1654. As daar belangstellendes is kan ons reël om die bome namens die lede te koop en te vervoer na Rust de Winter. Gemiddelde prys vir die Apiesdoring per 20kg sak is R100, 50kg sak R290 en die 100kg sak R570. Kontak Peter 082 558 6184 vir verdere inligting. Naskrif: Onthou om 'n sak of twee kompos en beenmeel saam te bring vir jou boom.

SKADUNET STANDAARDE:

Ons wil net onder al die lede se aandag bring dat die standaard vir al die skadunette as volg is: die net moet groen wees, die digtheid kan varieër volgens smaak. Pale: die stutpale moet 'n minimum van 65mm maksimum 100mm wees en PWD bruin geverf wees. Die koepel pale moet 50mm wees. Die totale oppervlakte mag nie 50m² oorskry nie. Die kant mag net met dieselfde kleur skadunet toegemaak word.

Let wel: Daar is 'n tendens om hortjies en latte te gebruik om kampe mee af te skort. Enige beoogde veranderinge aan die kamp moet skriftelik aan die komitee deurgegee word alvorens begin word met veranderinge. Indien beplan word om bogenoemde afskorting te gebruik moet alleenlik behandelde latte gebruik word.

UITSIT VAN GIF:

Daar is 'n muis plaag in die omgewing en karavane word geteister met Skeerbekmuise. Die kalant is baie klein en gaan deur lug gate en baie klein openinge en saai dan verwoesting in jou karavaan. Wanneer gif uitgesit word moet daar verseker word dat die spesifieke gif echo vriendelik is. (Beskikbaar by koöperasies en groot hardeware winkels.) Indien jy die verkeerde gif uitsit vrek die muis en word gevreet deur uile wat dan ook vrek. Maak dus asseblief seker op die verpakking van die gif wat jy aankoop of dit wel echo vriendelik is.

BEDAGSAAMHEID:

Indien jy as lid die naweek kamp en jy het meer gaste as wat jou kampplek kan hanteer, is dit net bedagsaam om jou buurman te kontak en te vra of jy jou gaste op sy staanplek mag laat staan. As jy nie jou buurman se telefoon nommer het nie, is die nommer beskikbaar by Albert by die hek.

TERUGVOERING:

Pierre Poliesman het al 2 verdagtes in Mamelodi aangekeer wat blykbaar verantwoordelik was vir die inbrake in die omgewing, so daar is darem vordering. Ons het 'n voorstel gekry van lid John Meiring vir kenningsgewing wat ons op die heining moet sit. Dit lei as volg: PRAYER is the best way to meet the LORD… "TRESPASSING HERE IS FASTER"

LEKKER OM TE "MOAN"….. deur die "MOANBUSTER"

Ek het onlangs die geleentheid gehad om by 'n familielid in Hazyview te kuier. Die persoon is werksaam in die Kruger Park Estate. Ons het 'n besigtigings toer deur die rykmansbuurt gemaak waar die minimum koste per huis R2.2 miljoen is. Al die huise lyk buite dieselfde, jy mag net binne volgens spesifikasies verandering aanbring. Enkel motorhuis kos R250 000. Maandelikse heffing begin op R4 500 per maand waarvoor hy 'n sekuriteitshek kry en gratis mag golf speel. Verder, as daar enige elektriese of loodgieters probleme ontwikkel is dit vir sy eie sak.

Dis nou daar waar ek sit en dink aan die lede wat "moan" omdat ons so lank vat om die Kraanvoël ablusieblok se dreinerings stelsel te herbou.

Net om 'n prentjie te skep, die volgende: om 'n kontrakteur uit te kry na RdW om die taak te verrig sal 'n fortuin kos. Dus maak ons staat op ons eie lid (wat 'n spesialis is op die gebied) se welwillendheid om te help, maar die lid het ook sy eie besigheid en ons moet ons beurt afwag vir 'n geleentheid vir wanneer hy nie te besig is nie. Ek wil sommer ook gebruik maak van die geleentheid om vir Dougie Smith en Claude Teague te bedank vir die harde werk wat hulle ingesit het. Een taak is nou afgehandel en in werking. Dit volgende taak was om 'n gat te grawe vir die "French drain", die grootte 10mx3mx4m diep. Dit is 'n moerse gat! So, 'n trekker is nodig, weereens, kontrakteur vanaf Pretoria is te duur!

Dus, maak ons van die boer Louis de Villiers wat in die omgewing is met 'n TLB en ons baie goedgesind is, gebruik. Maar die TLB werk op sy ander plaas te Settlers en ons moet maar weereens geduldig wag vir ons beurt. In die proses van grawe het die masjien een waterpyp en elektriese kabel verwoes. Geen probleem! Kontak lid Dick Brotherton wat onmiddellik van Pretoria af met griep en al die kabel gratis kom herstel het. Gelukkig is die taak ook afgehandel. Baie dankie Dick! Die volgende taak was om die moerse gat vol bande te kry. Die hoop wat daar was plus al die bande in die gymkhana het die gat net half gemaak, WAT NOU?! Geen probleem! Kontak lede Thys van Tonder en Jan Bles wat vir ons 2 trok vragte bande van Pretoria af bring en siedaar die gat is vol. Tjop, tjop! En die taak is afgehandel. Baie dankie Thys, Jan en Ben Brandweer!

Ons het die projek in die winter getakel wanneer bywoning in die kamp die minimum is en vir lede gevra as hy sou uitkom om asseblief 'n "port-a-potty" of ander ablusie blokke te gebruik, wat nie te veel gevra is nie.

Om die prentjie nou mee af te rond doen ons nie te sleg vir R125 per maand per lid nie in vergelyking met die bogenoemde R4 500 per maand. Baie dankie aan al die lede wat stiptelik betaal, ons wag nou net in spanning vir die paar laatslapers
Naskrif: Aangesien die lid hou van skryf… soek ons altyd lede wat vir die nuusbrief artikels kan skryf!
Baie dankie byvoorbaat! :-)

Onthou 90% van die tyd waar take in die hoofkamp gratis verrig word is dit deur ons eie lede en nie kontrakteurs nie, dus toon 'n bietjie belangstelling, stap nader, groet die mense en vind uit wat aangaan, moontlik is daar iets waar jy 'n hand kan bysit. Dis ONS eksklusiewe kamp en ONS het ALMAL belang daarby! Die kamp bestaan nie net uit JOU eie kamp nie maar moet gesien word as 1 groot kamp.

POTJIEKOS NAWEEK:
Onthou asseblief die Potjie kos naweek 24 - 27 September. Kyk na die program in die klubnuusbrief.

FIETSWEDREN
28 November 2009. Ons gaan weer ernstig op al die staanplek eienaars se knoppies druk vir werk gedurende die naweek soos beamptes ens. So, hou asseblief die naweek oop. Ons sal op 'n latere stadium meer detail gee.

BRAAI ETIKET:
Steaks is medium-rare en miskien selfs medium. As jy van jou vleis "well-done" hou - gebruik 'n blow torch en hou jou vleis van n braaier af. Hardloop dan ook sommer in 'n muur vas. Herhaaldelik! Rare is net vir persone wat die smaak van vleis opreg waardeer.

Politiek, godsdiens en baba praatjies is uit om 'n braaivleisvuur . Rugby, jag, 4x4 bakkies en die buurvrou se tan-lyne is die norm. Visvang stories word eers gepraat as almal gesuip is, want dan kan die wat nie visvang nie saam twak praat.

n Steak sonder vet is nie 'n steak nie. (Fillet het geen vet nie). Fillet is vir bejaarde mense. Tenderised steak hoort op die kerkbasaar se steakrolls. Nie op die vuur nie.

As jy nie kan braai nie, moenie! Jy dinges net jou gaste rond.

A.T.V. groete!